Tekste: Gesang 165: 2; Johannes 6: 35; 2 Petrus 1: 2; Gesang 316; Gesang 269: 3.
Fokus teks: Markus 7: 24-30, 1983.
Liedere: VONKK 234: 1-3; Psalm 33: 1, 2 en 7; Gesang 255: 1-3; Gesang 348: 1-3; Gesang 313 x 2.

---

AANKONDIGINGS:

LIEF & LEED:

- Karlien Williams se skildklier is op Woensdag (12 Februarie 2025) in die Sunninghill hospitaal verwyder.
- Michael Williams is in die ICU van 'n Springs hospitaal opgeneem. Hy is steeds in 'n semi koma.
- Martin van Staden is in die week aan sy hand geopereer.
- Hailey Barnardo het 'n sussie ryker geword.

KLOK:

Dit is 'n opdrag van U, Here, dat almal hier u Naam moet prys. Net deur u Woord en Gees, o Here, word ons die regte pad gewys. Ons sing u lof, o Koning, Heer! Ons buig in eerbied voor U neer (Gesang 165: 2).

TOETREDE:

VONKK 234: 1-3: Abba, Vader, Hemelheer. Ons buig voor U neer. Aba, Vader, hoor ons bid. Ons buig voor U neer.

Tekste: Gesang 165: 2; Johannes 6: 35; 2 Petrus 1: 2; Gesang 316; Gesang 269: 3.
Fokus teks: Markus 7: 24-30, 1983.
Liedere: VONKK 234: 1-3; Psalm 33: 1, 2 en 7; Gesang 255: 1-3; Gesang 348: 1-3; Gesang 313 x 2.

---

VOTUM:

So sê die Here: Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie (Johannes 6: 35).

SEËN:

Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees deur julle kennis van God en van Jesus ons Here (2 Petrus 1: 2).

LOFSANG:

Psalm 33: 1, 2 en 7 (TT Cloete): Sing juigend, sing ‘n nuwe loflied!

GELOOFSBELYDENIS:

Hoe vind ons die rus in ons storms? Psalm 62 getuig: Draai weg van al die gewaande, aardse bronne van rus en vrede ... dat net God mag het en dat ‘n mens net op die Here kan vertrou vir ware rus.

Ons glo dat God Drie-enig die Hervormde Kerk in die wêreld wil gebruik. Omdat die evangelie ons in beweging bring, wil ons, gehoorsaam aan Christus se opdrag in Matteus 28, dit ook met ander deel. Daarom wil ons missionaal leef. Dit doen elke gemeente deur die geloof in Jesus Christus met Woord en lied te vier, aan mense diensbaar te wees en te getuig van God se genade. Die manier hoe gemeentes dit doen is om in alle eenvoud en nederigheid in die voetspore van Christus te volg en diensbaar te wees soos Hy ons leer. Ons is diep bewus daarvan dat ons onsself daagliks moet verloën, ons kruis moet opneem en dat ons heil nie te vind is in wêreldse mag of indrukwekkende strukture nie, maar in Christus self. Daarom word elke gemeente en lidmaat opgeroep om in geloof en vertroue te luister na die roepstem van die Goeie Herder, en Hom te volg waar Hy ons ook al lei. Amen.

GEBED:

Tekste: Gesang 165: 2; Johannes 6: 35; 2 Petrus 1: 2; Gesang 316; Gesang 269: 3.
Fokus teks: Markus 7: 24-30, 1983.
Liedere: VONKK 234: 1-3; Psalm 33: 1, 2 en 7; Gesang 255: 1-3; Gesang 348: 1-3; Gesang 313 x 2.

---

Ons maak gereed vir die Woord verkondiging. Kom ons sing daarvan uit Gesang 255: 1-3 ~ Ons geloof bly vas geanker in Gods woord wat nimmer wankel.

PREEK:

Vandag lees ons uit die evangelie volgens Markus. Hierdie evangelie het na alle waarskynlikheid in die tydperk rondom 65 nC ontstaan, voordat Jerusalem in 70 nC verwoes is. Die Markus evangelie staan miskien nie eerste van die evangelies van die Bybel nie, maar hy is beslis die oudste van die vier evangelies.

Daar kan met redelike sekerheid aanvaar word dat hierdie evangelie in Rome ontstaan het. Markus het bedoel om sy evangelie vir die gelowiges in Rome te skryf. Hulle was ‘n bedreigde godsdienstige minderheid in die hoofstad van die Romeinse Ryk.

Markus wou hê hierdie gelowiges moet nie moed verloor nie, hulle moet vashou aan die geloof wat hulle bely. Net soos Jesus self gedoen het. Daarom waarsku hy die

vervolgde Christene in Rome om lyding te verwag en hulle moet selfs bereid wees om te dien. Markus skroom egter nie om die Christene in Rome te bemoedig nie.

Volgens die vroeë kerklike tradisie was die skrywer Johannes Markus, en het hy Petrus se prediking in Rome opgeteken. Hy was nie een van die twaalf dissipels nie, maar hy het waarskynlik noue kontak met hulle gehad. Volgens Handelinge 12: 12 het Jesus en sy dissipels by geleentheid in Markus se ma se huis vergader.

Markus 7: 24-30

**Die Siro-Fenisiese vrou**

(Matt. 15:21-28)

24 Jesus het Hom gereed gemaak en daarvandaan weggegaan na die gebied van Tirus toe. Daar het Hy in 'n sekere huis tuis gegaan, en Hy wou nie hê dat iemand dit te wete moes kom nie. Tog kon Hy nie onopgemerk bly nie. 25 'n Vrou wie se dogtertjie van 'n onrein gees besete was, het gou van Hom te hore gekom. Sy het gekom en voor sy voete neergeval. 26 Hierdie vrou was 'n

Griek wat in Siro-Fenisië gebore is. Sy het Hom gevra om
die bose gees uit haar dogter uit te drywe.
27 Maar Hy het vir haar gesê: "Wag dat die kinders eers klaar eet, want dit is nie mooi om die kinders se kos te vat en vir die hondjies te gooi nie."
28 Sy het Hom geantwoord: "Here, die hondjies eet darem onder die tafel die kindertjies se oorskiet."
29 Toe sê Hy vir haar: "Op grond van wat jy gesê het, kan jy maar huis toe gaan; die bose gees het al klaar uit jou dogter uitgegaan."
30 Toe sy by die huis kom, kry sy haar kindjie op die bed lê en die bose gees was al klaar uit haar uit.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1983, 1992. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

Varkvleis is vir die tipiese Jood ongelukkig nie beskore nie. Varke en varkvleis moet vermy word. Dit is onrein en onheilig in hul oë. Met 'n vark in die verhaal beklemtoon Jesus die verlore seun se vernedering toe hy in 'n ver land varke moes oppas. Ook toe Jesus duiwels uitgedryf het, vlug die bose geeste in die varke in en die varke vlug die see in.

Tekste: Gesang 165: 2; Johannes 6: 35; 2 Petrus 1: 2; Gesang 316; Gesang 269: 3.
Fokus teks: Markus 7: 24-30, 1983.
Liedere: VONKK 234: 1-3; Psalm 33: 1, 2 en 7; Gesang 255: 1-3; Gesang 348: 1-3; Gesang 313 x 2.

---

Varke en honde is as onrein beskou en word onder andere ook saam in beeldspraak gebruik. Petrus praat van Christenbekeerlinge wat God se wil leer ken het en weer verval in hulle ou weë: "*'n Hond gaan terug na sy braaksel toe*" en "*'n Vark wat gewas is, gaan rol weer in die modder.*"

Jesus sê ook: *Moenie wat heilig is, vir die honde gooi nie ... en moenie julle pêrels voor die varke gooi nie ...* Die heidene is byvoorbeeld deur die Jode honde genoem.

Nou dat ons wat vark eet en lief is vir honde, verstaan wat se plek varke en honde in die lewe en taal van die mense van die Bybelse tyd gespeel het, kan ons terugkeer na die vreemde teks wat ons saam gelees het.

Net voor die gebeure van ons teksgedeelte afspeel bevind Jesus hom in die omgewing van Gennesaret (naby Kapernaum).

Tekste: Gesang 165: 2; Johannes 6: 35; 2 Petrus 1: 2; Gesang 316; Gesang 269: 3.
Fokus teks: Markus 7: 24-30, 1983.
Liedere: VONKK 234: 1-3; Psalm 33: 1, 2 en 7; Gesang 255: 1-3; Gesang 348: 1-3; Gesang 313 x 2.

---

In ons gelese gedeelte het Jesus en sy dissipels vertrek na Tirus en Sidon. Dit was meer noordwes. 'n Nie-Joodse gebied, ook bekend as Siro-Fenisië. Ons sien hier Jesus se missionale hart, hy gaan oor mensgemaakte grense om die koninkryk van God te verkondig.

Ek wil nie te veel hieroor sê nie, maar hoor vir Jesus met ons praat. Jesus leer ons om uit ons gemaksone te gaan na hulle waarvan ons dalk selfs nie hou nie. Die Jode het daardie mense na wie Jesus hier gaan selfs honde genoem. Jesus steek mensgemaakte grense van gelowig en ongelowig / rein en onrein / ras en geslag oor. Jesus sluit altyd eerder in as uit.

Jesus gaan vir 'n tyd van afsondering na hierdie gebied (stiltyd). Dink bietjie hoe ons al hierdie jaar oor juis hierdie tema in terme van byvoorbeeld verhoudings gesels het. Laas Sondag het ons saam met die skrywer van Psalm 121 besef hoe belangrik stiltyd vir jou geloof is. Jesus wil graag in hierdie stiltyd homself voorberei om met sy dissipels oor sy lyding en naderende dood te praat.

Dan neem die verhaal ‘n onverwagse wending. Skielik, onverwags verbreek ‘n vrou Jesus en sy dissipels se stilte.

Dit kon nie, sy is ‘n vrou. Boonop word daar van hierdie vrou gesê sy is ‘n Griek wat in Siro-Fenisië gebore is. Haar naam is nie bekend nie, maar ook nie belangrik nie. Die Jode het alle heidene Grieke genoem.

In die Matteus evangelie lees ons dat Siro-Fenisië Kanaän is. Dat Matteus hierdie vrou as Kanaäniet identifiseer, is veelseggend. Onthou sedert die intog in die beloofde land, was dié twee groepe aartsvyande. Vir die Jode was die Kanaäniete onrein (Varke / honde) – en daarom uitgesluit uit die beloftes, seën en genade van God.

Kom ons dink nou mooi, dit is ‘n vrou, ‘n Griek, van Siro-Fenisië, met ander woorde ‘n Kanaäniet. Jesus behoort

nie eers na haar kant toe te gekyk het nie. Maar Jesus sluit mos eerder in as uit.

Hierdie heidense vrou leer vir ons iets van gelowig wees. Sy hou aan en aan om Jesus se aandag te kry. Sy gee nie moed op nie. "*Ontferm U oor my , Here, Seun van Dawid! My dogter is in die mag van 'n duiwel, en dit gaan sleg.*" Sy is bereid om met Jesus te argumenteer. Sy is ook bereid om die minste te wees (hondjies wat krummels eet).

Hoor ons hoe bou die moontlikheid van uitsluiting op: vrou / Griek / Siro-Fenisië / Kanaänities / kind / duiwel besete / hond.

In die Jood se gedagtes en geloof is hierdie vrou pens en pootjies verlore, maar in Jesus se verhaal is dit juis sy wat vir ons die navolgenswaardige voorbeeld van 'n moeder se liefde leer. Sy doen alles moontlik vir haar kind, néé, sy doen selfs meer as wat moontlik is. Sy leer vir ons eienskappe soos warmhartigheid, liefde, omgee en

deernisvolheid. Eienskappe wat by alle Jesus volgelinge teenwoordig behoort te wees.

Dit is vir my verder opvallend dat hierdie vrou Jesus drie maal Here noem en boonop Jesus se messiaanse eretitel (Seun van Dawid) gebruik. Dit leer vir my sy het respek vir die gesag van Jesus gehad.

Dink hoeveel kan die wêreld en sy leiers by hierdie vrou leer. Daar word so dikwels sonder respek met God of van God gepraat. Leiers spot met die gesag van God en daag God se gesag in die openbaar uit. Ons leer weer hoe belangrik respek vir God is en hoe belangrik dit is om sy gesag oor die wêreld en my lewe te aanvaar.

Asof hierdie openingstoneel nie reeds dramaties genoeg is nie, word die spanningslyn meer en meer gespan. Hoe reageer Jesus op hierdie vrou se hulpkreet? *Hy bly stil*. Hoe reageer Jesus se dissipels? Hulle oplossing is eenvoudig – *stuur haar weg*! Vir die dissipels is hierdie

heidense vrou 'n lastige irritasie en verleentheid. Sy hoort eenvoudig nie in hierdie geselskap nie.

En dan? Jesus breek die mensgemaakte grens en steek dit oor – Hy jaag haar nie weg nie, hy praat met hierdie vrou. Ongehoord! 'n Verbreking van die grense van die oorgelewerde Joodse gebruike. Hy breek die sosiale en godsdienstige grense van die Jode in stukke.

Jesus se argument hierna is ietwat vreemd. Dit klink of hy self wegbeweeg van alles wat ons tot nou toe van Jesus geleer het. Jesus sê vir die heidense vrou: Ja ek is die Gestuurde, die Messias, die Here, die Seun van Dawid, maar *ek is dit net vir die verlore skape van Israel*.

Die klem skuif terug na die Kanaänitiese vrou. Haar voorbeeld word vir elke Jesus volgeling navolgingswaardig. Sy laat haar nie afsit nie. Die nood van haar kind dryf haar. Haar woorde raak minder en minder en sy val bloot voor die voete van Jesus neer (nederig / afhanklik). *Here, help my*!

Ek voel Jesus toets die opregtheid van haar geloof in hom deur nog ‘n wegwysing. ‘n Mens gee nie die brood vir die hondjies nie. Hoor u saam met my die effense sagtheid. Ja, hondjies – in die verklein vorm.

Weereens laat hierdie vrou haar nie afsit nie. Sy fokus op die eintlik saak. Sy neem nie aanstoot dat Jesus haar met ‘n hondjie vergelyk nie.

Jesus het gesien wat hy wou sien. Hy sê haar geloof is ‘n “groot” geloof. En Jesus genees haar dogter van die onrein gees. Ons weet nie hoe nie, maar dat Hy haar genees het.

En so leer hierdie ingewikkelde vertelling ons van ‘n heidense vrou / ‘n Griek / ‘n hond / ‘n Siro-Fenisiese vrou / ‘n Kanaänitiese vrou / ‘n vrou met ‘n onrein dogtertjie dat God mensgemaakte grense oorsteek. Die Joodse godsdienstige leiers en selfs Jesus se eie dissipels het Hom nie verstaan nie. Hulle (ons) verstaan dikwels nie

Jesus se warm hart teenoor vreemdelinge en randfigure nie. Verstaan nie dat God vir alles en almal lief is en sy genade vir alles en almal aanbied nie. God steek inderdaad mensgemaakte grense oor.
Amen.

GEBED:

SLOTSANG:
Gesang 348: 1-3. ‘n Epifanie lied. ‘n Lied wat vertel van die impak van Jesus Christus se geboorte. Jesus kind, lank verwag.

DIT WAT ONS HIER ONTVANG HET
Kom seën en beskerm ons nou, God Vader, Seun en Heilige Gees (Gesang 316).

WEGSENDING (Seëngroet):
God bly met ons, waar ons ook mag gaan. As ons struikel, trek die Vader deur sy liefde ons weer nader -

God bly met ons, waar ons ook mag gaan (Gesang 269: 3).

AMEN ... Gesang 313 x 2